# Possible Answers March 2006

## Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- die konstruksie / daarstel van 'n argument;
- die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun; en
- die leerder se interpretasie van die vraag.

## Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir
   'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/ memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   'n relevante slotopmerking (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- verkeerde stelling ______________
- irrelevante stelling |

- herhaling **R**
- analiseer **A√**
- interpretasie I√

Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| | | |

Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| A | VLAK 1 | |

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | B+ |
| A | VLAK 1 | 39 |

**Die matriks**

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in agt vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

| AANBIEDING<br><br>INHOUD | **VLAK 1**<br>Volg 'n on-afhanklike en relevante gedagterig-ting.<br>Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.<br>Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse. | **VLAK 2**<br>Volg 'n relevante gedagterig-ting.<br>Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.<br>Minder belangrike foute. | **VLAK 3**<br>Volg 'n relevante gedagterig-ting.<br>Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak.<br>Goed beplande en gestruktu-reerde opstel.<br>Strukturele gebreke.<br>Hoë orde vaardighede ontbreek. | **VLAK 4**<br>Probeer om 'n gedagte-rigting vol te hou.<br>Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktu-reerd. | **VLAK 5**<br>Probeer om 'n gedagte-rigting vol te hou.<br>Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas.<br>Poog om te strukturreer.<br>Tegniese gebreke. | **VLAK 6**<br>Gedagterig-ting word nie volgehou nie.<br>Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie.<br>Geen duidelike struktuur nie. | **VLAK 7**<br>Geen gedagterig-ting nie.<br>Geen analise en historiese verklarings gemaak nie.<br>Geen struktuur nie. | **VLAK 8**<br>Geen poging om die vraag te beantwoord nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 1**<br>Vraag is ten volle beantwoord.<br>Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | **A+**<br>**47 - 50** | **A**<br>**43 - 46** | **A-**<br>**40 - 42** | | | | **A: 160 – 200**<br>**B: 140 – 159**<br>**C: 120 – 139**<br>**D: 100 – 119**<br>**E: 80 – 99**<br>**F: 67 – 79**<br>**FF: 60 – 66**<br>**G: 50 – 59**<br>**GG: 40 – 49**<br>**H: 0 – 39** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag is beant-woord.<br>Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | **A**<br>**43 - 46** | **A-**<br>**40 - 42** | **B+**<br>**38 - 39** | | | | | |
| **VLAK 3**<br>Vraag in 'n groot mate beantwoord.<br>Inhoud voldoende gedek en relevant. | **B+**<br>**38 39** | **B**<br>**36 - 37** | **B-**<br>**35** | **C+**<br>**33 - 34** | | | | |
| **VLAK 4**<br>Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord.<br>Gebreke tov inhoudseleksie en beheer.<br>Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies. | | | **C+**<br>**33 - 34** | **C**<br>**31 32** | **D+**<br>**28 - 29** | | | |
| **VLAK 5**<br>Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie.<br>Gebreke t.o.v. omvang en beheer. | | | | **C-**<br>**30** | **D**<br>**26 – 27** | **E+**<br>**23 – 24** | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag ontoereikend beantwoord.<br>Inhoud skraal. | | | | | **D-**<br>**25** | **E**<br>**21 - 22** | **E-**<br>**20** | |
| **VLAK 7**<br>Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie.<br>Inhoud ontoereikend.<br>Grootliks irrelevant. | | | | | | **E-**<br>**20** | **F**<br>**13 – 19** | |
| **VLAK 8**<br>Geen relevante inhoudseleksie nie.<br>Heeltemal foutief. | | | | | | | | **G 07 - 12**<br>**H 00 - 06** |

**AFDELING A: OPSTELVRAE**

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**

- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**

## VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### VRAAG 1A

Alhoewel die meeste koloniale magte na 1945 swak was, was hulle steeds behep met die idee om hulle houvas op die Afrika-kolonies vir nog 'n lang tydperk te behou.

Analiseer die omstandighede wat hierdie idee onmoontlik gemaak het deur na bogenoemde te verwys.

SINOPSIS

Kandidate moet 'n gedagterigting bepaal en aandui of dit vir die koloniale magte moontlik was of nie om hulle kolonies te behou. Om 'n gedagterigting vol te hou moet die kandidate die verskillende faktore wat die **proses van dekolonisasie** kon beïnvloed het, identifiseer. Hulle moet die faktore gebruik om aan te dui of dit moontlik of onmoontlik vir die koloniale magte was om hulle colonies te behou.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet die gedagterigting bepaal en aandui of dit moontlik of onmoontlik was om hulle kolonies te behou.

  UITBREIDING

  Hierdie faktore of enige ander faktore kan gebruik word om die gedagterigting te ontwikkel:

- Afrika-nasionalisme
- Politieke vryheid
- Rassegelykheid
- Ekonomiese en sosiale vryheid
- Pan-Afrikanisme/ opkoms van radikale Afrika-nasionalisme
- Invloed van die Tweede Wêreldoorlog
- Nuwe Internasionale Magsbalans en die invloed van die VVO
- Verswakking van die koloniale magte

- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te dui of dit vir die koloniale magte moontlik was of nie om hulle colonies te behou **[50]**

**VRAAG 1B**

Afrika-leiers is grootliks verantwoordelik vir Afrika se uitdagings na onafhanklikheid.

Stem jy saam? Motiveer jou standpunt krities.

SINOPSIS

Die antwoord moet aandui of die kandidaat met die stelling saamstem of nie. Kandidate kan die stelling ondersteun deur aan te dui dat na-oorlogse uitdagings veroorsaak is deur die rol van Afrika-leiers of hulle kan meld dat Afrika se uitdagings nie as gevolg van een factor was nie, maar baie faktore. Al drie uitdagings d.i. polities, economies en maatskaplike uitdagings moet in die opstel ingesluit word.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet met die stelling saamstem of nie saamstem nie deur aan te dui of die Afrika-leiers grootliks vir Afrika se uitdagings na onafhanklikheid verantwoordelik was.

  UITBREIDING

- Politieke uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [administratiewe; etniese; militêre; staatsbestuur, ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Ekonomiese uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [landbou; mynbou; vervaardiging; vervoer; kommunikasie; ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Maatskaplike uitdagings (kan enige uitdagings gebruik [onderwys; gesondheid; landelike verwaarlosing; ens.] om hulle standpunt te ondersteun)

- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat deur aan te dui of die Afrika-leiers grootliks vir Afrika se na-oorlogse uitdagings verantwoordelik is. **[50]**

**VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND**

**VRAAG 2A**

Alhoewel Lenin in die geskiedenis as 'n hero van kommunisme sal onthou, was hy tog nie daartoe in staat om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red nie.

Evalueer die stelling deur na Lenin se ekonomiese beleide tussen 1918 en 1924 te verwys.

SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem. Wanneer kandidate hierdie vraag beantwoord, moet op die ontwikkeling van die ekonomiese beleid in Rusland onder die regime van Lenin gefokus word deur spesifiek aandag te gee aan die implemetering van die verklaarde doel van transformasie. Die weklikheid het egter tot verskillende kompromieë gelei. 'n Ander standpunt moet behoorlik en relevant gemotiveer word.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate kan saamstem of verskil met die stelling deur aan te dui of Lenin daartoe in staat was of nie om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red.

  UITBREIDING

  Lenin se vermoë moet bepaal word met 'n assessering van:

- Oorlogskommunisme (fokus moet wees op die redes vir implementering; prestasies; terugslae van die beleid)
- Nuwe Ekonomiese Beleid (fokus moet wees op die redes vir implementering; prestasies; terugslae van die beleid)
- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat en die slotsom moet evalueer of Lenin daartoe in staat was om Rusland van ekonomiese ineenstorting te red. **[50]**

*Kopiereg voorbehou* 

**VRAAG 2B**

Kommunisme het in Rusland as gevolg van Stalin se Vyfjaarplanne oorleef.

Is dit 'n geregverdigde oordeel? Motiveer jou antwoord krities deur na die tydperk 1928 tot 1939 te verwys.

SINOPSIS

Die kandidate moet of saamstem met of verskil van die stelling. In die beantwoording van hierdie vraag word van kandidate verwag om gepaste voorbeelde te verskaf om te toon hoe die ekonomie (beide landbou en nywerheid) omvorm is om die ineenstorting van kommunisme in Rusland te verhoed.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem deur aan te dui of Stalin daartoe in staat was om kommunisme van 'n ineenstorting in Rusland te red.

  UITBREIDING

  Kandidate behoort die volgende bullets te gebruik om te illustreer in watter mate die ekonomiese beleid gebruik is om kommunisme van ineenstorting in Rusland te red. Hulle kan óf die onderstaande formaat volg óf hulle kan die transformasie bespreek deur afsonderlik na die drie Vyfjaarplanne te verwys:

- Landboukundige verandering as 'n gevolg van die Vyfjaarplanne (kollektivisering; staatsplase; weerstand van Koelakke; gebruik van staatsmag om hulle uit te wis; vrees vir gulag; hongersnood)

- Nywerheidsveranderinge as 'n gevolg van die Vyfjaarplanne (nuwe nywerhede; infrastruktuur; gebruik van slawe/ gedwonge arbeid; dophou/waarneem; dreigemente en strafprosedures)

- Samevatting: Kandidate moet die gedagterigting saamvat en opsommende opmerkings maak oor of die ekonomiese beleid gebruik is om kommunisme van ineenstorting in Rusland te red. **[50]**

## VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

### VRAAG 3A

'n Onvermoë om die skrif aan die muur te lees, het veroorsaak dat die goue era in Amerika se ekonomie ineenstort.

Ondersoek die stelling krities deur na die periode 1922 tot 1929 te verwys.

SINOPSIS

Kandidate moet standpunt inneem dwarsdeur die antwoord aandui hoe akkuraat die stelling is. Die gedagterigting moet behoorlik gemotiveer word deur die faktore wat tot die val van die Amereikaanse aandelebeurs in 1929 gelei het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem oor die akkuraatheid van die stelling en aandui hoe die vraag beantwoord gaan word.
  Enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING
- Ongelyke verdeling van rykdom (bv. nie alle Amerikaners het voordeel getrek uit die jare van oplewing nie; baie kon nie nuwe verbruikers-goedere koop nie)
- Oorproduksie (bv. Beide landbou en nywerheid het meer goedere geproduseer as wat aan die Amerikaanse volk verkoop kon word)
- Oorspekulasie (bv. mense koop aandele in die hoop om wins te maak; aandeelpryse word onrealisties hoog gedwing terwyl mense nie besef het dat die groei in die ekonomie besig is om af te neem nie)
- Republikeinse beleid (bv. vererger al bogenoemde; besighede en banke Is nie gereguleer nie – lei tot ongesonde besigheidspraktyke; hoë tariewe Beteken dat landbou en nywerheid kon nie maklik goedere oorsee uitvoer nie)

- Samevatting: Moet gedagterigting saamvat deur na die akkuraatheid van die stelling te verwys.
  Enige ander relevante slotsom. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3B**

Roosevelt se Nuwe Bedelingsbeleid in die Verenigde State van Amerika was 'n tydige hupstoot om 'n sterwende ekonomie te laat herstel.

Beoordeel hierdie stelling deur na die periode 1933 tot 1939 te verwys.

SINOPSIS

Daar word van candidate verwag om standpunt in te nee moor die akkuraatheid van die stelling. In hulle beredenering moet hulle melding maak van of die Nuwe Bedeling 'n tydige hupstoot om 'n sterwende ekonomie te laat herstel was of die Nuwe Bedeling skadelik vir die ekonomie was.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag se vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet standpunt oor die akkuraatheid inneem en aandui hoe die vraag beantwoord sal word.
  Enige ander relevante inleiding.

  UITBREIDING
- Verligtingsmaatreëls (d.i. massa-werkskeppingsgeleenthede - CCC, PWA, CWA, WPA ens.; sopkombuise; TVA)

- Herstelmaatreëls (d.i. lenings aan huiseienaars; startegie vir voedselproduksie en gewaarborgde voedselpryse - AAA)

- Hervormingsmaatreëls (d.i. reguleer verhouding van werkgewer en –nemer – NRA, Wagner Act, Fair Labour Standards Act; welsynstelsel- Social Security Act)

- Samevatting: Kandidate moet tot slotsom kom deur te verwys na of Roosevelt se Nuwe Bedeling 'n tydige hupstoot was om 'n sterwende ekonomie te laat herstel.
  Enige ander relevante slotsom. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

### DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

### VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING

| | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne. |
| **VLAK 2 (V 2)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 4 (V 4)** | Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne. |

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WAT WAS DIE GESIGSPUNTE EN MENINGS WAT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VAN AFRIKA-EENHEID (OAE) BEVORDER HET?

4.1.1 (a) *[Interpretasie van bewyse uit bron – V2]*

- Dit is deur eenheid dat Afrika himself kan regeer
- Slegs deur eenheid kan Afrika met die res van die wêreld Kompeteer (2 x 2)

(b) *[Interpretasie van bron – V2]*

- Afrika kan himself regeer
- Hulpbronne uit Afrika kan tot voordeel van Afrikane gebruik word
- Afrika het vermoë om met VSA en USSR mee te ding (enige 2 x 2)

4.1.2 (a) *[Onttrekking uit die bron – V1]*

- Ondersteun die anti-koloniale stryd
- Versterk die idée van Pan-Afrika eenheid (2 x 2)

(b) *[Gebruik bewyse uit bronne om 'n besluit te maak oor betroubaarheid van bronne en ondersteun standpunt – V 4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

- Betroubaar in die mate dat Bron4B ondersteun die stigting van die OAE
- Die eerste konferensie meld dat ag state vergader het om gemeenskaplike Probleme te bespreek
- Die tweede konferensie het tot die stigting van die AAPO gelei
- Derhalwe was die pad tot die stigting van die OAE geskep
- Enige ander gesigspunt is aanvaarbaar indien dit behoorlik gemotiveer is

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kandidaat verstaan nie of verstaan gedeeltelik die begrip betroubaarheid<br>• Het nie die vermoë om die betroubaarheid van bronne te bepaal nie | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid<br>• Is daartoe in staat om die betroubaarheid van bronne in 'n mate te bepaal | **Punte: 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Kandidaat verstaan die begrip betroubaarheid<br>• Het die vermoë om die betroubaarheid van die bronne te bepaal<br>• Gebruik die vermoë om tot 'n duidelike en grondige slotsom oor die betroubaarheid van die bronne te kom | **Punte: 5 – 6** |

(6)

4.1.3 *[Interpretasie en vergelyking van bronne – V3]*
- Bron 4A – maak melding van die behoefte aan eenheid
- Bron 4B – verduidelik hoe eenheid uiteindelik tot die stigting Van die OAE lei (2 x 2)

4.1.4 *[Interpretasie van bron – V2]*
- Verdedig nuutverworwe onafhanklikheid
- Bevorder die belange van die armer lande van die wêreld
- Hulp met die konflikte op te los
- Poog om Afrika te beskerm daarteen om in die Oos – Wes konflik vasgevang te word (enige 3 x 2)

4.1.5 *[Gebruik bewyse uit beide bronne om antwoord te ondersteun – V4]*
- In beide bronne is daar 'n gemeenskaplike skakel – eenheid
- Bron 4C – meld dat onverbondenheid van Afrika-state sal Afrika- state verenig – help om solidariteit aan hulle te gee
- Bron 4A – meld dat slegs met eenheid kan Afrika groei en Afrika-mense bevoordeel ( 2 x 2)

**(32)**

**4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE)?**

4.2.1 (a) *[Interpretasie: gebruik twee bronne – V3]*

Standpunt 1 verydel nie
- Omdat die OAE konflik kon oplos - bevorder die eenheid en solidariteit van die Afrika-state

Standpunt 2 verydel
- Omdat die OAE nie die burgeroorlog in Rwanda kon oplos nie
- koördineer en verskerp hulle samewerking en pogings om 'n beter lewe vir die mense te bereik (2 x 2)

*(b) [Interpretasie: gebruik een bron – V2]*
- Burgeroorlog in Rwanda
- Onvermoëvan die verskillende stamme om saam te leef
- Enige ander aanvaarbare respons (enige 1 x 2)

4.2.2 *[Gebruik bewyse van een bron om antwoord te ondersteun – V4]*

Betroubaar
- Dit is 'n BBC artikel wat heel dikwels outentiek is
- Omdat OAE-lede nie verenig is nie
- Burgeroorloë in Afrika skep swak ekonomieë

Onbetroubaar
- Bevooroordeelde standpunt van die BBC
- Koloniale standpunt (2 x 2)

Kopiereg voorbehou

4.2.3 *[Onttrek bewyse uit alle bronne, maak komplekse interpretasies om 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (paragraaf) – V4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die kandidaat moet die gedagterigting aanbied wanneer verklaar word tot watter mate die OAE suksesvol was.

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse van beide bronne en behoort te fokus op:

- Los kleiner geskille op
- Slaag nie daarin om interne probleme op te los nie
- Wis kolonialisme uit
- Gebrek aan eenheid
- Territoriale en etniese geskille
- Gebrek aan finansiese
- Werk nou met VN saam
- Stigting van die Afrika Bank

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte: 6 – 8** |

(8)
**(20)**
**[50]**

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE HET NAZI-BELEIDE DIE JODE IN DUITSLAND ONTMENS?

5.1.1 (a) *[Interpretasie - V2]*
- Afkeer, uitsluiting, diskriminasie of segregasie van die Jode. (1 x 2)

(b) [*Interpretasie - V2* ]
- Maklik om Nazi-beleide bekend te stel en te implimenteer
- Jode moes onderdanig wees aan Duitsers
- Jode is as minderwaardig tot die Duitsers beskou
- Hitler se haat vir die Jode
- Jode is 'n baie geïsoleerde groep en maklik uitkenbaar
- Enige relevante antwoord moet beloon word (enige 3 x 2)

5.1.2 *[Interpretasie, V2]*
- Om Duitse suiwerheid te bewaar
- Behoud van Duitse rasegtheid (Duitse bloed) (2 x 2)

5.1.3 *[Interpretasie, V3]*
- Geen plek in staatsdiens nie
- Staatloos
- Mag nie stem nie
- Mag nie nasionale vlag of kleure ten toon stel nie
- Mag nie openbare betrekkings beklee nie (enige 3 x 2)

5.1.4 *[Interpretasie, V2]*
- Verhouding tussen Duitsers en Jode verbode
- Helga kan hom los omdat hy 'n Jood is (2 x 2)

5.1.5 *[Komplekse interpretasie, V4]*
- Geen vryheid van assosiasie
- Geen rasseverdraagsaamheid nie
- Geen vryheid van beweging nie
- Geen toegang tot fasiliteite nie
- Enige ander respons ( 4 x 2)

5.1.6 *[Komplekse interpretasie waar meer as een bron gebruik word om die vlak van ondersteuning te bepaal – V4]*
- Kandidaat moet die vlak van ondersteuning bepaal
- Kandidaat moet die bewyse en historiese vaardighede om 'n Gesigspunt te ondersteun gebruik (2 x 2)

5.1.7 *[Komplekse interpretasie waar meer as een bron gebruik word, V4]*

- Betroubaar, want beide bronneis gedurende die anti-Semitiese Periode in Duitsland geskep
- Beide bronne dui aan dat Duitsers 'n verhouding met die Jode Gehad het ten spyte van die Nazi-segregasiebeleid en -propaganda
- Enige ander respons (2 x 2)

OF

- Nie betroubaar nie
- Ondersteun met relevante bewyse (2 x 2)

5.1.8 *[Onttrek bewyse uit al die bronne, maak komplekse interpretasies om 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (paragraaf) – V 4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse van beide bronne en behoort te fokus op:

- Jode kon nie Duitse burgerskap verkry nie
- Jode uitgesluit uit staatsdiens
- Jode uitgesluit uit kulturele lewe en sport
- Jode verbied om eie besighede in die ekonomiese sektor te besit

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 3** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 4 – 8** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte:9 – 12** |

(12)
**[50]**

*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS DIE KOUE OORLOG 'N OOS-WES MAGSTRYD EN 'N BEDREIGING VIR WÊRELDVREDE?

6.1.1. *[Interpretasie van bewyse in Bron 6A – V2]*
Die VSA beskou Sowjet-Rusland:

- as 'n groot Russiese beer
- wat uittroon oor die wêreld
- wat poog om die hele wêreld te gryp
- as 'n aggressiewe mag (enige 2 x 2)

6.1.2. *[Interpretasie van bewyse in Bron 6A – V2]*
Sowjet-Rusland beskou die VSA as 'n land:

- met 'n militêre mag wat groot en lelik is
- wat lugmagbasisse dwarsoor Europa oprig
- wat lugmagbasisse naby Sowjet-Rusland oprig
- wat nader aan die USSR beweeg
- wat dollars gebruik om sy sin te kry
- wat lenings soos die Marshall-hulp gebruik as nog 'n manier om Sowjet-Rusland te bedreig
- waar politici klein skepseltjies is wat praat terwyl die soldate die werk doen wat hulle wil hê hulle moet doen
- waar politici se woorde soos 'vrede' betekenisloos is (enige 2 x 2)

6.1.3. *[Onttrekking van bewyse – V1]*

- 'n Toestand van uiterste spanning tussen die supermoondhede
- Stop kort slegs voordat 'n oorlog uitbreek
- Wedersydse vyandigheid en betrokkenheid by bedekte oorlogvoering
- Gevolmagtigde oorlogvoering as 'n manier om die belange van die een teenoor die ander te handhaaf
- Oorlog is 'n stryd wat deur indirekte metodes gevoer word (enige 2 x 1)

6.1.4. *[Interpretasie van bewyse – V2]*

- Beide kante sal uiteindelik vernietig word deur so 'n gebeurlikheid (1 x 2)

Kopiereg voorbehou 

6.1.5. *[Onttrek bewyse uit bronne en gebruik eie kennis om 'n keuse te maak en die keuse te verdedig op grond van die vermoë om na 'n situasie/ gebeurtenis/kwessie met 'n spesifieke perspektief te kyk, - V4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die antwoord kan op die volgende fokus:

**Stem saam, want**

- Beide kante het gedink dat die ander kant probeer uitbrei ten koste van die ander kant
- Beide kante het **gereken** dat die ander kant aggressief
- Spanning het verseker dat beide kante 'n hoë en deurlopende gereedheidsvlak vir oorlog gehandhaaf het
- Beide kante het **gereken claimed** dat hulle slegs vreedsaam en in belang van eie verdediging optree
- Enige ander relevante antwoord behoort beloon te word.

OF

**Stem nie saam nie, want**

- Die Weste glo dat die Sowjet-Unie hoofsaaklik vir die uitbreek en volhouding van die Koue Oorlog verantwoordelik is
- Die VSA het begin en volgehou met die Koue Oorlog omdat hulle Oorreageer het op die Sowjet-Unie
- Die Sowjet-Unie is aangedryf deur die begeerte om hulle grense te beskerm en 'n sterk verdedigingslinie teen 'n Westerse inval op te rig
- Enige ander relevante antwoord moet beloon word.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Het nie 'n keuse gemaak nie<br>• Of maak 'n keuse, maar het nie die keuse op so 'n wyse gemotiveer dat dit verband hou met die bewyse in die bronne nie of 'n begrip toon van die situasie/gebeurtenis/kwessie | **Punte: 0 – 2** |
| VLAK 2 | • 'n Relevante standpunt is gekies<br>• Geldige redes vir die keuse is verskaf<br>• Die motivering en die gebruik van bewyse uit die bronne toon in 'n mate 'n begrip van die situasie/gebeurtenis/kwessie<br>• Toon 'n bewustheid van 'n sekere houding of seining wat tipies van 'n sekere periode of plek was | **Punte: 3 – 5** |
| VLAK 3 | • 'n Relevante standpunt is gekies<br>• Logiese, duidelike en geldige redes is vir die keuse verskaf<br>• Die motivering toon 'n goeie begrip van die situasie/ gebeurtenis/kwessie<br>• Bewyse uit bronne ook effektief gebruik om 'n begrip van die reeks van houdings wat tipies was van 'n sekere periode of plek | **Punte: 6 – 8** |

(8)
**(20)**

## 6.2 HOEKOM HET SOWJET-RUSLAND EN DIE VSA VERSKILLENDE BESKOUINGE OOR DIE MARSHALLPLAN GEHAD?

6.2.1 *[Onttrekking van bewyse – V1]*

- Terugkeer na normale ekonomiese gesondheid in die wêreld
- Helewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld
- Veg teen honger, armoede, desperaatheid en chaos
- Verseker politieke stabiliteit en vrede
- Opkoms van politieke en sosiale toestande waarin vry Instelings kan bestaan (enige 2 x 1)

5.2.2 *[Interpretasie van bewyse – V2]*

- Dit is 'n aanval op die beginsel van nasionale soewereiniteit
- Die Sowjet-Unie ondersteun onvermoeid die beginsel van ware gelykheid
- Beskerming van die soewereine regte van alle nasies, groot en klein (enige 2 x 2)

6.2.3 *[Vergelyk en interpreter bronne – V4]*

- Bron 6F is 'n Westerse plakkaat – pro Marshall-plan
  Bron 6G anti-Westerse spotprent – teen die Marshall-plan
- Bron 6F verwelkom die Marshall-plan
  Bron 6G verwelkom nie die Marshall-plan nie – Oos-Europese lande beskou die Marshall-plan as 'n instrument om Europe te onderwerp
- Bron 6F verwelko Marshall-plan - om Europa by te staan
  Bron 6G beskou die Marshall-plan as 'n kapitalistiese instrument (enige3 x 2)

6.2.4 *[Bepaal bruikbaarheid van Bron 6F – V4]*

- Kandidaat moet die vlak van bruikbaarheid bepaal
- Kandidaat moet die bewyse en historiese vaardighede gebruik om standdpunt te verdedig (2 x 2)

6.2.5 *[Bepaal ooreenkomste tussen Bronne 6E en 6F – V4]*

- Beide die bronne is teen die Marshall-plan
- Beide die bronne wil hê die VSA moet vertrek (2 x 2)

6.2.6 *[Onttrek bewyse uit beide bronne, maak komplekse interpretasies om 'n uitgebreide skryfstuk te skryf (paragraaf) – V4]*

**Gebruik die holistiese matriks hieronder en die volgende om 'n punt toe te ken.**

Die paragraaf moet gebaseer wees op die bewyse van al die bronne en behoort te fokus op redes waarom Oos-Europese lande die Marshall-plan met agterdog bejeen het.

- VSA om normale ekonomiese gesondheid te verseker
- Marshall-plan om politieke stabiliteit en vrede te verseker
- Marshall-plan verwelkom alle nasies met in begrip van Oos-Europese lande
- USSR – Marshall-plan ontwerp om Europa te beheer
- USSR – Beskou Marshall-plan as die wapen van die VSA om kapitalistiese idees te versprei

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• Of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Of kan nie oor onderwerp skryf nie<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om 'n paragraaf te skryf . | **Punte: 0 – 3** |
| VLAK 2 | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Onttrekte bewyse hou in 'n groot mate verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 4 – 7** |
| VLAK 3 | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Onttrekte bewyse hou baie goed met die onderwerp verband<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp | **Punte: 8 – 10** |

(10)
**(30)**
**[50]**

**TOTAAL: 200**

*Kopiereg voorbehou*